Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

WhatsApp: 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch

7 November 2021

09:30 OGGENDEREDIENS EN UITSENDING: Ds Piet

Daar is soveel van ons broers en susters in die gemeente wat gebuk gaan onder geweldige beproewinge van siekte en lyding! Lidmate wat baie swaar kry onder die gebrokenheid van ons bestaan! Wat fisiese pyn ervaar van siekte, operasies, bestralings, chemoterapie en die aftakeling van liggaamskragte deur ouderdom.

Daar is ook baie wat die fisiese pyn ervaar om afskeid te neem van geliefdes en deur 'n moeisame proses van rou, verlies en eensaamheid te werk.

Hoe wonderlik om te weet dat ons Here Jesus Christus juis ook liggaamlike pyn en lyding moes kom ervaar om vir ons liggame, vir ons pyn en ons siekte, genade en of genesing te kon bewerk.

Wat 'n troosvolle prentjie ontvou nie voor ons oë in Lukas 4 nie! Op 'n besondere Sabbatsaand in Kapernaum - nadat die Here Jesus reeds 4 genesingswonders gedoen het - stroom die dorpie se siekes na Jesus toe, aan huis van Petrus se skoonma en ons lees: "Jesus het hulle een vir een die hande opgelê en gesond gemaak!" Heerlike, Goddelike en genesende liefde en omgee vir siek mense!

Tema: Jesus bring ons Vader se genade/ genesing met persoonlike liefde en omgee vir jou in jou siekte en pyn.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Sb 5-3: 1, 4, 5 en Sb 2-4: 1, 2

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied Sb 17-2: 5, 6, 7, 8 (Mel Ps 134-1); Votum uit Jes. 43 : 10 - 11; Seën; Sing: Sb 5-4: 1, 2, 3, 4, 5, 6; Geloofsbelydenis: 12 Artikels - almal hardop saam

Ons verootmoedig ons voor God
Wetlesing: Eksodus 20; Sing Sb 11-1: 1, 2, 5, 11 (Mel Sb 9-1); Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Jesaja 53: 1 - 5; Matteus 8: 14 - 17 en Lukas 4: 38 - 41.
Teksvers: Lukas 4: 40 - 41
Sing: Sb 5-2: 1, 3, 4 (Mel Ps 18 se eerste melodie) (kinders gaan na hulle bediening); Woordbediening

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing: Sb 11-2: 1, 2; Gebed; Liefdegawes (by die deure); Sing Sb 18-6: 1, 2, 3, 4, 5; Seën; Amenlied Sb 13-2.

18:00 AANDEREDIENS: Prof Naas Ferreira

Tema: Dankbaarheid is meer as net blydskap.

Daar is 'n baie duidelike en groot verskil tussen blywees en dankbaar wees. Dankbaarheid is nie ’n *vinnig-verbygaande-emosie* omdat jy iets gekry het wat jou blymaak nie, maar ’n *uit-die-hart-uit bewuswees* dat jy meer gekry het as wat jy verwag het. In ons Skrifgedeelte is dit presies wat gebeur. Kom ons meet weer vanaand ons eie reaksie op God se onverdiende genade in ons lewens.

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 188: 1, 2 en 3; Votum; Seën; Loflied: Ps. 33-1: 1 en 2; Gebed; Sing: Lied 151: 1 en 2

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Lukas 17: 11-19
Teksverse: Lukas 17: 17
Woordverkondiging;

Ons antwoord op die Woordbediening
Dankgebed; Slotsang: Ps. 116-1: 1, 2, 3 en 10; Liefdegawes by die deure, Seën; Amenlied: Sb 13-3.

November 2021

Ons sê saam dankie vir die Here

Die Kategismus leer ons as gelowiges dat gebed die vernaamste deel van ons dankbaarheidslewe is!

En daarom….

Ø Ons dank die Here wat hemel en aarde gemaak het en ook ons as sy kinders aangeneem het deur Jesus Christus se kruisiging!!
Ø Ons dank die Here vir geloof!
Ø Ons dank die Here vir Sy gemeente (en in ons geval Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos) en dat ons so deel is van ‘n geestelike familie!
Ø Dankie vir goeie herders, naamlik di. Piet, Pieter en Erasmus Venter. Dankie vir goed voorbereide preke en toerusting!
Ø Dankie vir elke ouderling, diaken en kleingroepleier wat geestelike en fisiese ondersteuning gee!
Ø Dankie vir die gebedsgroep wat saam voorbidding doen!
Ø Dankie Here, vir Adele, Dawie, Pieter, Eddie en elkeen van ons klankspan, asook Truida, Paul en Liesbet wat help dat alles glad verloop by ons gemeente!
Ø Dankie Here, vir gawes wat U vir ons gee en dat ons mekaar kan dien!
Ø Dankie dat ons gemeente finansieël versorg is en vir elke lidmaat se tiende! Dankie dat ons rentmeesters mag wees van U versorging!
Ø Dankie dat ons as gemeente saam ons dankbaarheid fisies kon beleef olv die diakens!

Soli Deo Gloria!

As U wil deel word van die gebedsgroep, kontak asb. vir my, Elsie, by 072 449 1982).

MEELEWING

- Isabel Bouwer het ‘n operasie ondergaan en sterk reeds tuis aan.
- Pieter Joubert word DV Vrydag - na baie weke in die hospitaal - ontslaan
- Lien Malan word more opgeneem in die hospitaal vir pynbehandeling in haar rug.
- Oom Willie Pieters word more in MooiMed opgeneem vir ‘n operasie, om na aanleiding van kanker, verder aan die blaas en niere herstelwerk te doen.
- Oom Sam Bezuidenhout het bosluiskoors opgedoen en voel glad nie goed nie.
- Dries Schutte se wonde aan sy been wil nie genees nie en hy moet binnekort moontlik ‘n operasie ondergaan vir weefsel- en veloorplantings. Rita sukkel ook nog steeds met gordelroos.
- Annatjie Vermeulen het die afgelope week verdere toetse ondergaan om haar behandelingspad vir borskanker te bepaal.
- Tienie Bezuidenhout moet Vrydag ‘n operasie aan sy hand in die Potchefstroom Hospitaal ondergaan om ‘n kroniese wond te verwyder.

- Tannie Bettie Niemand se gesondheid gaan vinnig agteruit as gevolg van dimensia.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Lana Labuschagne, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Joe Coetzee, Bettie Niemand, Dries en Rita Schutte, asook Douw en Hantie Grobler.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie Les 25 (Afsluiting)
Selfhelp tee en koffie
18:00 Aanderediens
19:00 Ouderlingevergadering

Maandag
17:00 Diakonie Dagbestuur vergader met groepleiers
18:00 Kersmarkkomitee vergader

Dinsdag
06:00 Manne-gebedsgroep by die pastorie
18:00 Potch-Oos Sustersafsluiting

Volgende Sondag
Nagmaal
Nagmaalete

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 7 November
Br Christiaan Burger

Maandag, 8 November
Sr Sonja Booyens
Sr Renette de Klerk

Woensdag, 10 November
Br Johan Rousseau

Donderdag, 11 November
Jbr Pieter Kruger
Sr Elize Schutte
Sr Estie vd Westhuizen
Sr Vicky Viviers *****

Vrydag, 12 November
Br Nicolaas Erasmus
Sr Hannari Lamprecht
Sr Nicole Smits

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae bo 75 jaar.

KERSMARK: 22 NOV TOT 4 DES: HELP BEMARK ASB!

Oor 2 weke pak ons Kersmark uit!

HULPLYSTE is vandag in die voorportaal van die Skuur. Ons het u hulp baie nodig om ‘n sukses van die Kersmark te maak. Skryf asb jou naam op!

Die volgende items word ook by die verskillende afdelings benodig, indien u ons daarmee kan help:

- **BEMARKING:** Daar is **vensterplakkate** in die voorportaal van die Skuur. Neem gerus en sit die plakkate asb by julle besighede of werksplekke op!
- **BORGE:** Ons het hierdie jaar weer borgskappe nodig om ons projek suksesvol aan te bied. Indien enige lidmate kans sien om op hierdie manier betrokke te raak, kan julle gerus met Rieëtte of Adele skakel.
- **RESTOURANT:** Benodig **2 liter-roomysbakke**. Bring asb vir ons so gou as moontlik na die kerkkantoor indien jy ekstra voorraad het.

  Ons benodig ook susters wat tuis kan help **pannekoek** bak. Kontak vir Elsie Buijs of Rieëtte, indien jy ons hiermee kan help.
- **DEKORKOMITEE:** Enige ou kersversierings wat u nie gebruik nie.
  AA-batterye
  Vierkantige (1mx1m) plastiese tafels
  Waaiers
  A4-papier en lamineersakkies

VIR HULP / NAVRAE KONTAK:

Kassiere: Carina Coetsee: 078 011 2050
Toesighouers: Susan Lourens: 073 898 0181
Hulp in die kombuis: Alta v Zyl: 079 873 7922
Kassiere in kombuis: Rieëtte: 082 898 4197
Hulp met die "Die Tafel" : Marlise Styger: 083 655 8145
Opsit/Afhaal van plakkate: Ds. Piet: 082 779 1237
Dekor in sale: Carina Smits: 084 209 4198
Borgskappe/donasies: Adele: 082 532 8658

HOE LYK ONS DIAKONIE SE DIENSWERK?

Graag wil ons as Diakonie van ons gemeente weer van die geleentheid gebruik maak om ons metode van dienslewering aan die gemeente bekend te stel. Onder leiding van die Diakonie lewer die diakens en meewerkende lidmate 'n mooi liefdesdiens in diensgroepe wat op die onderlinge meelewing in die gemeente fokus. Ons moedig lidmate aan om hierby betrokke te raak. Hier volg `n lys van die diensgroepe:

1. Barmhartigheid-diensgroep
2. Praktiesehulp-diensgroep
3. Die Siekebesoek-diensgroep
4. Diensgroep vir senior lidmate
5. Diensgroep vir nuwe intrekkers
6. Kenmekaar- en sosiale-diensgroep
7. ***Vertroostingsdiensgroep**
8. Kommunikasie in gemeente
9. Jeugdiensgroep
10. Jong werkende-diensgroep

Ons gaan weekliks `n kort opsomming van elke diensgroep op die verskillende platforms bekendstel.

***Vertroostingsdiensgroep**
Lidmate wat pas geliefdes aan die dood afgestaan het, benodig die vertroosting en ondersteuning van ander gemeentelede. Die diensgroep fokus op die vertroosting en ondersteuning van hierdie gemeentelede.
Kontakdiaken: Mariana Plotz en Loretha de Vries

DIAKONIE-groete

BYBELLEES-PROJEK

Week 43 (8-14 November)

Maandag	Markus 4:1 – 5: 43
Dinsdag	Markus 6:1 – 7:37
Woensdag	Markus 8:1 – 9:50
Donderdag	Markus 10:1 – 11:33
Vrydag	Markus 12:1 – 13:37
Saterdag	Markus 14:1 – 14:72
Sondag	Markus 15:1 – 16:20

Stuur jou klagtes of gedagtes, enige navrae of versoeke aan Erasmus Venter by 76 090 4459 of stuur 'n e-pos aan eav.venter@gmail.com

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Erasmus Venter – 076 090 4459
Kerkkantoor: Adele– 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

TEESKINK GELEENTHEID

Ons het vandag selfhelp koffie en tee na die oggenddiens.
Baie dankie aan die groepsusters en susters wat vandag help skink en opruim:
Carin Koppers en groep 7, Marian de Kock en groep 15, Marie Oosthuizen en groep 25, asook Annarie Oelofse en groep 33.

KANSA-PROJEK

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal. Daar is ook koevertjies by die deur beskikbaar vir lidmate wat 'n bydra in kontant wil gee.

NAGMAALETE: 14 NOVEMBER

Liewe Oosdoppers. Die susters van Blok C nooi u almal vriendelik uit na die Nagmaalete onder die bome op Sondag 14 November om 12:00. Koue vleise en slaaie met nagereg is op die spyskaart. Koste per lidmaat is R40-00. Elkeen bring sy/haar eie eetgerei. Skryf asb jou naam op die lys in die voorportaal, of laat weet vir Adéle nie later as Woensdag 10 November, hoeveel gesinslede gaan saam eet. Dit is weer 'n gawe geleentheid om saam met mede-lidmate te kuier.

POTCH-OOS SUSTERSAFSLUITING: DINSDAG 9 NOVEMBER

Hestie en die groepsusters van Blok A nooi al die susters na 'n heerlike afsluiting.

Oosdoppertjies

Johannes 3:16 "Want so lief het God die wêreld gehad, dat hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê.

Bron: Die Bybelkoerant

MAN VAN GOD LAAT BYL OP WATER DRYF

GILGAL - Die bekende profeet Elisa, het selfs sy profete-leerlinge verstom, toe hy 'n byl wat in die Jordaan geval het, na boontoe laat dryf het sodat hulle dit kon uithaal.

Die profete was besig om bome op die rivieroewer af te kap vir 'n groter skoolgebou, toe die voorval plaasgevind het. Een se byl - nogal 'n geleende een - het in die rivier geval. Die man het sy lot by die man van God gaan bekla. Dié het toe 'n stuk hout op die plek waar die byl gesink het, in die water gegooi en tot almal se verbasing het die byl opgekom!

Lees hierdie merkwaardige verhaal in 2 Kon. 6: 1-7

DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

"A baby is as pure as an angel and as fresh as a blooming flower" – D Mridha

Pienkvoet 4D Sonars

BELEEF JOU ONGEBORE BABA
IN 4 DIMENSIES

Maak 'n afspraak tussen
28 en 32 weke
Whatsapp of sms
071 423 4270

Wat 'n voorreg om, saam met ouers, na een van God se grootste wonderwerke te kan kyk, terwyl hul nog totaal beskermd in hul eie wonderwêreld verkeer.
– Monica